

28 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 22:1–14

Bruilofskleed

Die Here is nie 'n Groot Mag wat ons lewe beheer en waarteen ons ons nie kan versit nie. Hy is ons Here, maar Hy is ook ons Vader wat ons uitnooi om na Hom te kom en ons versorg. Wat Hy vereis, is dat ons in liefde op sy uitnodiging sal reageer.

In hierdie gelykenis beeld die Here uit hoedat Hy eers die Jode in die besonder genooi het en lankmoedig deur die eeue met hulle gewerk het. Die Koning is immers die Here, die fees is die beloftes van die koninkryk van die hemel en die genooies is die geroepenes – eers die Jode en later die ander. Jesus kon Jerusalem met reg daarvan beskuldig dat hy die profete doodgemaak het wat na hom gestuur is. Jesus het dit immers persoonlik beleef. Hy het na sy eiendom gekom, en tog het sy **eie** mense Hom nie aangeneem nie (Joh 1:11). Hulle antwoord op sy roepstem om na Hom te kom, was om Hom, die Koning se Seun, dood te maak. Uiteindelik word hierdie takke uitgekop (Rom 11:17) en 'n wilde olyf (ons) word tussen die ander takke op die mak olyf geënt.

Let op dat die fees nie in die slag bly nie! Die Here behou sy heerlikheid en gee die beloftes aan ander. Sy koninkryk sal sonder ons in heerlikheid voortgaan as daar nie gehoorsaamheid en reiniging is nie.

Onder die oënskynlik gehoorsames is daar een sonder 'n bruilofskleed. Die kleed is volgens Openbaring 19 aan almal beskikbaar gestel. Die kleed dui op reiniging, 'n nuutgemaakte lewe. Wie wel die uitnodiging aanneem, maar op sy eie voorwaardes, is steeds sonder 'n kleed.

Laat ons alle laste aflê en nuutgemaak in Jesus Christus, onvoorwaardelik tot God nader. Die genadegawe daarop is die onbeskryflike fees van God se teenwoordigheid.

Sing: Psalm.89:1,6; Psalm.23:1,3 Ds J Malan (De Aar/Strydenburg)